

Skriflesing: Jesaja 44:6-23; 1 Korinthiërs 8:1-13

Heidelbergse Kategismus: **Sondag 34 b**

Teks: Jesaja 44:6; 1 Korinthiërs 8:5

Sing- SAMESANG: Ps 24:2

TYDENS EREDIENS: Ps 1:1; Ps 19:7; Ps 119:33

Die belangrikheid van die eerste gebod het ons reeds 'n vorige keer na verwys. Broeder en suster, ons staan in alle opsigte nog weer gebind aan die besondere wyse hoe God met ons werk. Die Here is met ons oppad. Daarom het ons reeds die vorige keer gesien hoe God se evangelie eerste staan. God wat ons verlos, dit is God wat ons lewe binnetree, sonder dat ons iets kon bydra, soos met Israel uit Egipte gebeur het. Die inleiding van die Wet is waaroor dit alles gaan. *Ek is die Here jou God wat jou uit Egipteland uit die slawehuis uitgelei het...* Hierdie evangelie van bevryding waarmee die Wet van die Here ook begin is genade sonder enige werke van ons kant.

Nou staan ons by die eerste gebod. Die evangelie van God staan nog steeds voorop en staan nog steeds net so sterk, maar as die Here vir jou laat beseef wat genade is en bly dan tree die Wet ook jou lewe in. Die verhouding en die band tussen die Evangelie van God en die Wet van God is dan in alle geval so nou aan mekaar verbind dat 'n mens dit nie kan skei nie. Die Wet is op geen wyse in stryd met die evangelie nie maar is eintlik deur hierdie nuwe gehoorsaamheid wat daar op grond van God se Evangelie van ons gevra word die weg tot God se genade.

Om die weg van die Wet te volg is in alle opsigte 'n genade weg wat gevolg word. Deur gehoorsaamheid aan sy Wet is dit God wat jou bring waar jy uit jouself nie kon kom nie. Jy kom by wat die volkome saligheid alles insluit deur by die begin van ons verlossing te begin. Om dit anders te stel die Wet staan heel duidelik in diens van die Evangelie. Wie die Wet van die Here verwerp, verwerp ook die Evangelie van God.

Daarom wanneer die Kategismus die eerste gebod na ons toe bring, dan gaan dit om wat is godsdiens. 'n Waaragtige godsdiens het die oumense gesê, 'n ware suiwere godsdiens waar God alleen God is en niemand meer. Ons het dit uit Jesaja ook gelees. Ja dit is eintlik drie hoofstukke uit Jesaja waarin dit voorop staan. Jesaja 44,45 en 46 wys die Here op die nietigheid van afgode, hulle is minder as nietigheid. Afgode is maar sommer

goed wat mense vir hulleself gemaak het en dan gaan staan en aanbid die mens die maaksel van sy eie hande. Hierdie goed kan nie eers praat nie, hulle lyk of hulle ore het maar hulle kan nie hoor nie. Hulle kan niks doen nie, maar kan jy glo dat mense dan hulle vertrou op sulke goed stel. Dit is waaroor Jesaja lank en duidelik oor handel. Daar was baie afgode in die skrywe van die tyd van Jesaja. Israel het hulle so hulle eie gemaak. Ons weet nou van die Baals en die Astartes, maar daar is ook Molog, Kamos, Zeus, Neptunus, nog baie meer!

Die eerste gebod is waarlik bevrydend, dit is evangelie van God om te mag weet ons kan van al hierdie nietige goed waarmee mense hulleself mee moeg máák, ons is daarvan verlos, juis in wat die Wet vir ons gee. Dit is nie die mens wat God ontdek het nie, intendeel, die ware God het eerste na ons toe gekom. Hy het Hom eerste aan ons geopenbaar as die Enige ware God. Hoeveel genade is daarin opgesluit om net dit te mag weet. Ek het nie God ontdek nie, maar God het in die sin my ontdek. Hy het ons Syne gemaak terwyl dit by afgode anders werk. Daar verwerf die gode nie die mense nie maar die mense dink om die gode te ontdek en te verwerf.

Israel het dit al in Egipte moes besef. Die afgode wat die mens net verder in die verderf afvoer. So het hulle in Israel die son aanbid maar hulle slawerny is beslis nie deur die son verlig nie. In Karmel word Baal aanbid, die god wat hulle glo die god van vrugbaarheid is, maar tog roep hulle na Baal om reën, hulle skreeu selfs tot hierdie afgod maar die reën bly weg. Al die afgode is teleurstelling op teleurstelling wat afgode doen is om jou al meer te laat afval van wat ware godsdiens moet wees.

Vandag met ons afgode is dit eintlik nog dieselfde. Mense wat Mammon die geldgod aanbid. Hoe boos is hierdie afgod nie. Mense dink dat Mammon jou lewe kan regmaak, en dat jy met geld uit die stof kan opstaan. Die geldgod is eintlik baie wreed en boos want hierdeur word mense soos wolwe vir mekaar. Daardie intense begeerte en honger na net nog meer geld terwyl die geld voor jou kan wegsmelt en jy kry nie daarmee opgestaan nie. Dit bind jou aan al meer aardse goed vas, terwyl soos ons gesê het jy vir

ander mense eintlik 'n wolf word deur ander te besteel op watter wyse ook al deur self net meer en meer te besit. Vir geld word daar dikwels moord gepleeg, die grofste onreg kan op die brood van hierdie afgod Mammon gesmeer word deur die onreg wat mense bereid is om mekaar aan te doen solank hulle net vir Mammon kan dien.

Terwyl Israel in Egipte in die ellende sit, dan kom hulle nie na God nie, maar God kom na hulle toe. Hy openbaar Hom as die Enige God, dié enigste wat kan verlos. Ek is die Here jou God wat nie alleen in staat is om jou te verlos nie maar God toon deur sy werke dat Hy werklik God is en alleen God is. Die Evangelie kom Israel se lewe binne terwyl hulle nog in Egipte is. Hulle verdien niks van wat God aan hulle gaan sê en wat God aan hulle gaan gee nie, maar Israel kan God weer leer ken as die enige God. Die God wat hulle nie dien nie, dié God gaan hulle verlos.

As God Homself reeds aan hulle geopenbaar het, in 'n sekere sin het God reeds sy verlossing bewys dan kom God in wat Hy alleen ook kan doen en Hy stel die eerste gebod voor al die ander gebooie. Daar moet waarlik erken word dat daar geen ander God is behalwe Hy wat Israel verlos het. Hy moet alleen gedien word, aan Hom moet alleen al die eer gegee word.

Broeder en suster kom ons vanuit die eerste gebod beseef waarom dit eintlik handel. In Johannes 15:10 dan sê Jesus ook- *As julle my gebooie bewaar sal julle in my liefde bly, net soos Ek die gebooie van my Vader bewaar en in sy liefde bly.* Dit is waarom die eerste gebod handel maar in werklikheid is dit by elke gebod die grondslag. Die onderhouding van die eerste gebod stel jou in staat om eintlik elke gebod net op een manier te onderhou en dit is omdat jy God liefhet. Ons dankbaarheid is eintlik niks anders as ons liefde tot God nie. Dit is tog presies wat Jesus hier sê- julle kan deur die gebooie te bewaar in my liefde bly, soos Hy wat Jesus is geen ander gebod of swaarder gebod op ons wil plaas nie, want die liefde wat Hy vra is die liefde wat Hyself ook gee. Die onderhouding van die eerste gebod kan alleen gebeur as jy God werklik liefhet.

Bewaar dan hierdie gebod want wie hierdie gebod nie bewaar nie, broeder en suster, so iemand gee eintlik daardeur te kenne dat hy/sy God nie liefhet nie. Ja so een haat God wat hierdie gebod nie nakom nie. Wie dit nakom sal dit in liefde nakom, wie hierdie gebod verbreek, is eintlik met haat besig. Wanneer die Kategismus handel oor wat afgodery nou regtig is dan is dit nie maar gewoon 'n passiewe nie nakoming van hierdie eerste gebod nie, maar een wat die eerste gebod oortree is aktief besig om iemand of iets in die plek van God te stel; of daar word meer vertrouwe en meer liefde gegee op iemand of iets wat die plek van God moet inneem of as daar gewoon nie met God gereken word nie, dan is dit afgodery! Ons besef die oomblik as ek met God nie mee reken nie dan oortree ek reeds die eerste gebod. Die woord afgod sê eintlik wat jy doen. Jy raak af van Wie God werklik is. Jy val eintlik af van die God wat die Enigste is.

Moet God nie haat nie, maar laat daar liefde vir God wees dan sal die eerste gebod sy volle betekenis meer en meer in jou lewe laat inkom. Dan begin 'n mens waarlik vir God al hoe beter te leer ken e hoe meer ek vir God leer ken hoe meer leer ek ook om op Hom te vertrou. Al kom daar dan swaar en bittere tye dan moet ek vanuit die eerste gebod leer om ook hierin my aan God te onderwerp en nie ophou om van God ook al die goeie dinge te bly verwag nie. Dit maak jou lewe dan so vol dat daar vir afgode nie meer plek kan wees nie.

Dit bring die ander kant van afgodery vir ons dan ook nog duideliker na vore. Baie goed weet ons in ons tyd dat om 'n boomstomp of 'n beeld te aanbid sommer na malligheid lyk. Ons besef die afgode bestaan nie, so goed soos Paulus dit ook in 1 Korinthiërs 8 aan duidelik maak, maar ons afgodediens in ons tyd is niks swakker nie, dit raak eintlik al hoe meer subtiel. Dink aan die god wat mense van sport maak, veral dit waarmee ons Afrikaners in Pretoria Loftus vol pak is om by die god rugby uit te kom. Niemand sal direk wys daar is die afgod wat ons dien nie, maar nou gaan dit om kragte wat daar bestaan. Mense wat eintlik hierdie en daardie speler as die sterkste wil beskou en omdat hy dan vir ons so sterk is raak ons so in vervoering oor daardie krag in sy liggaam dat mense naderhand ander mense so begin vereer asof hulle gode is.

In 1 Korinthiërs 8:5 dan stel Paulus dit duidelik hierdie *sogenaamde gode* niks is nie, hulle is maar net mense soos ons, maar ons raak in vervoering oor hulle manier van hoe hulle rugby speel en die krag daarby verbonde dat daardie vervoering waarin jy jouself plaas, wat is dit anders as 'n krag wat van jou so besit kan neem en wat in werklikheid jou van God wegtrek. Dan is dit mos 'n afgod. As daar watter soort krag ook al in jou lewe kom en wat maak dat jou liefde vir die Here swakker word en jy God nie meer bo alles liefhet nie dan is dit niks anders as 'n afgod wat in jou lewe ingekom het nie. Die sogenaamde gode, dit bly sogenaamd want God kan hulle nie wees nie, maar kyk na die uitwerking wat die dinge in jou lewe het wat daaragter skuil. Of dit nou krag is of seks of geld, dit kan mense se totale lewe begin beheers. Jy word letterlik weer 'n slaaf daarvan.

Laat ons nie twyfel dat God sy liefde vir jou so duidelik maak dat God wil hê dat jy altyd met liefde en dit in die eerste plek op sy liefde sal antwoord. Dit gaan om wat die verbond beteken, dit is eintlik soos wat dit in 'n huwelik gebeur. God het jou eerste liefgehad en daarom moet die liefde, liefde wek. Die hemelse Bruidegom is die Een wat die eerste gebod dan ook eerste stel. Sy liefde kan geen ander gode duld nie. God noem Self sy liefde 'n jaloerse liefde. Die oomblik wanneer liefde uit die wet begin klim waarbinne God dit geplaas het dan word dit eintlik gewoon hoerery. Afgodery word dan baie keer as hoerery beskryf en bedryf!

Soos die Kategismus afgodery beskryf is om by die Duitser Kohlbrugge ook aan te sluit waar hy afgodery beskryf het as alles wat Jesus nie is nie. Daarmee staan dit duidelik. As ons buite die Seun van God om na geluk begin soek dan is ons besig met afgodery. Dit kan op baie maniere gebeur waaroor dikke en dikke boeke geskryf sal kan word. Jy kan vir jouself ook 'n afgod word. As jy dink ek doen darem so baie goeie werke vir God en ek vertrou al hoe meer op my goeie werke dat selfs God dit ook moet raaksien en ook dink om so my skuld by God te betaal dan is dit afgodery. Ons eie vroomheid kan 'n afgod word as ons daarop wil steun om in die hemel te kom. In ons land is daar gruwelike afgodery aan die gang in die naam van demokrasie en die bou van die sg. reënboognasie waar mense wil voorgee om in liefde en vrede met mekaar saam te leef,

die wonderlike eenheid wat mense dink om daar te stel, maar as ons dink om sonder Jesus die sondemag van rassisme en dies meer te oorwin om dan kamtig almal een te word, dan is dit niks anders as afgodery nie.

Die hele beleid van menseregte en godsdienstvryheid wat godsdienst gelykheid impliseer waar elkeen ook die sg. reg het om die god van sy keuse te aanbid, geliefdes hoe blatant staan dit nie in botsing met die eerste gebod nie. Sal hierdie land waarlik in die genade seëninge van die Here kan optrek as dit ons beleid vir ons land is?! Die vraag na hoekom soveel probleme in ons land ons deel geword het, moet 'n slag heeltemal anders na gekyk word. Hou op om eerste te kyk na wat mense met mekaar doen, kyk eerder na wat het van die eerste gebod oorgebly... wat is ons besig om met God, die Enige God te doen. Die waaragtige godsdienst waarbinne God die eerste gebod aan ons gegee het is waar ons saligheid op die spel kom en mense maak asof dit nie so ernstig is nie! Ons hoor die saligheid wat daar op die spel kom as daar in die Kategismus staan- **dat ons ter wille van my eie siele heil en saligheid alle afgodery moet vermy en daarvan moet wegvlug...**

Die Kategismus praat ook **van towery, waarsêery, bygeloof, aanroeping van heiliges of ander skepsels, ek moet dit vermy en daarvan wegvlug.** Tog laat ons dit maar toe dat in ons eie taal, binne ons huise daar 'n vrou mag inkom met die naam van Marietta Theunissen wat op KYK-net 101% die eerste gebod oortree. Met haar program- “Die ander kant” waarin mense haar toelaat dat sy aan die ander kant met gestorwe geliefdes nou 'n medium bewerk om hulle vrae en welstand met ons vrae en welstand en seer te deel. As iemand nie weet dat dit presies alles bevat wat oortreding van die eerste gebod insluit nie, dan moet iemand nie sê hy/sy het nie geweet nie.

Ek wil dit nog sterker stel- wanneer mense na iets soek waarin mense eintlik hulle haat teenoor God uitspreek verpak in kamtig hoe lief hulle dan nou ook die Here het dan moet u daardie program kyk. In wat ons vroeër gesê het op watter wyses mens God kan haat dan kan jy in die naam van liefde jou met sulke programme en mediums besig hou. Dit is hoe vêr die oortreding van die eerste gebod in ons eie land, selfs in ons eie taal gevorder het! Weereens die vraag kan ons in die land heil verwag as ons maar aanhou om hierdie

oortreding so toe te laat?! Nie net gaan dit om die heil van ons land nie, maar om jou eie sieleheil! Die Kategismus sê baie duidelik die aanroeping van heiliges en ander skepsele is ook om God te haat. Sulke mense moet nie kom met stories dat hulle God eintlik waarlik liefhet maar hulle is met sulke haatlike dinge teenoor God besig nie. As jy met iets haatlik teenoor God besig is, dan is jyself 'n hater van God!

Al die dinge wat die Kategismus hier noem- **towery, waarsêery, bygeloof, aanroeping van heiliges of ander skepsels**- dié wat hier genoem word is baie sterk gerig teen die Roomse praktyk. In die Middeleeue met die Roomse kerk word spesifiek die aanroeping van Maria en die ander sg. heiliges hierby betrek. Dit is afgodery. Die lys sou in ons tyd net nog baie langer gemaak kon word. Na baie van die afgode van ons tyd het ons reeds verwys maar deel van dit alles waar 'n land ook die Mohammedane en die Boeddhisme en Hindoes gelyke plek wil gee, maak ons vir hulle afgode ook gelyke plek, asof hulle naas die ware God ook maar daar kan wees.

God maak dit in die eerste gebod baie duidelik hoe blatant of hoe subtiel dit ook al gebeur, deur die New-Age bewegings of deur wie ook al, dat afgodery het nie net te doen met wanneer ons in die plek van die ware God ander gode begin dien nie, maar die eerste gebod verbied ook enigiets wat ons naas die Here wil stel. Die dinge wat mense eintlik self uitdink en dan hulle vertrou daarop stel. Dit gebeur eintlik baie makliker dat ons nie sommer sal erken dat ons vertrou op God kleiner is nie, maar dan dink ons om dinge langsaan die Here te stel waarop ons dan maar ook 'n klomp vertrou in stel. Dit is dan reeds oortreding van die eerste gebod.

Om 'n lys hiervan op te stel is eweneens eintlik onmoontlik, maar heel tyd kom ons agter enigiets op aarde kan eintlik 'n afgod word. As mense selfs hulle tradisies en geskiedenis nie verreken in wat God daarmee vir ons geskenk het nie, dan kan dit ook 'n afgod word. Selfs die bywoning van eredienste, die gebruik van Nagmaal, as mense dit om die verkeerde redes doen, of by die Nagmaal of doop dit uit bygelowigheid doen dan word die eerste gebod oortree. Mense wat Sondag na Sondag in die kerk mag wees, maar die

evangelie verander nie werklik hulle lewe nie, maar nog steeds is hulle altyd hier, sulke mense bedryf afgodery met die erediens!

Die eerste gebod sal ons ná vandag weer besef is eintlik die belangrikste van al die gebooie. As hierdie gebod sou wegval of iets word hieraan verander dan verloor al die ander gebooie in minder of meerdere mate hulle waarde. Ons besef ook wie nie erns maak met die eerste gebod nie sal dit dan ook net nog makliker regkry om ook die ander gebooie te oortree. Laat ons vanuit die eerste gebod elke keer ook na die res van die Here se Wet kyk. Dit is die grondslag van die hele Wet, Hy Wie God is, Hy wil vir ons duidelik maak dat Hy alleen so sy Wet vir ons kon gee. Die valse godsbrug waar mense met valse gode, ja afgode hulle lewe vervul word so weggedryf. Dit gaan nog heeltyd om die hart wat die valse gode daar moet uit en moet dan nie die huis leeg laat nie. Sou dit wees dan kom die valse gode terug, erger nog as die eerstes wat daar in was. Die nuwe mens wat in u moet opstaan (Son 33) , in dit wat die Heilige Gees doen, dan sal op die tafels van die hart die tafels van die Here se gebooie geskrywe staan, waarin ons God reg wil ken en hierdie ware suiwere Godskennis bring vertrou. Daardie vertrou wat Elia gehad het toe hy die Baäl profete kon uitdaag by hulle afgod om vuur op die offer te bring. Alleen die ware God kon dit doen.

Om God waarlik te vertrou, daaragter sit die verbond. Die verbond is God se trou en God se trou vra dat ons Hom sal vertrou. 'n Man en vrou moet mekaar kan vertrou, hoeveel te meer moet dit nie geld in ons verhouding tot God nie. God wat in ons vertrou opeis dat ons geen ander gode mag hê en daarop mag vertrou as net op Hom alleen nie. Hierdie vertrou moet waarlik voorop wees, want het die vertrou ook weer te doen met die goeie dinge wat ons maar van God kan verwag. Hy wat alles ten goede laat meewerk vir die wat Hom liefhet. Ja, broeder en suster, daar eindig dit dan in alles- onderhou alle gebooie en jy het God lief. Dit wat jy van nature nie kan doen nie, hoe wonderlik om in die evangelie van die Wet jou liefde in God te vind.

AMEN

Vrae uit Sondag 34b (V/A 94 en 95)

1. Waarom is die eerste gebod so belangrik?

2. Hoe verstaan jy die verhouding tussen die Evangelie van God en die Wet van God?
3. Mag ons die Wet ook Evangelie van God noem? Motiveer.
4. Watter gedeeltes in Jesaja wys op die nietigheid van die afgode?
5. Was daar enige afgode wat Israel al in Egipte aanbid het?
6. Van watter ander afgode het jy al gehoor? (Vgl. begin p2)
7. Is daar vandag nog enige afgode wat ons as mense dien?
8. Waaroor handel die eerste gebod ten diepste? Verduidelik aan die hand van Joh 15:10 (p.3)
9. Watter implikasies het dit in terme van jou liefde vir God as iemand hom/haar nie aan die eerste gebod steur nie?
10. Op watter besondere wyse verwys Paulus in 1 Kor. 8 na die afgode? (p.4)
11. Is daar enige waarheid in die stelling dat rugby vir die Afrikaner 'n afgod geword het?
12. Hoe het die Duitse teoloog Kohlbrugge afgodery beskryf? (onder p.5)
13. Kan oortreding van die eerste gebod ons saligheid op die spel plaas? (p.6)
14. Is dit moontlik om eintlik in die naam van liefde God te haat? Motiveer dit aan die hand van die program "Aan die ander kant" op KYKnet.
15. Het die eerste gebod ook te doen met die gode wat mens nie net in die plek van God stel nie, maar ook die gode wat ons dink om langs (naas) God te stel? Motiveer
16. Is dit waar dat eintlik enigiets op aarde (selfs die bywoning van eredienste!) vir mens 'n afgod kan word? Motiveer
17. Watter wonderlike gevolge bring die onderhouding van die Wet vir ons na vore?

